

**11 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:14-21**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:14**

### **Wandel in gebedsvrymoedigheid**

Ons kan God op 'n besondere wyse ervaar wanneer ons bid. Gebed bring ons baie intiem in gemeenskap met God. Wanneer daar deur geloof 'n oop verhouding met die Here is – omdat ons sondes vergewe is en ons skuld versoen is – dan is daar groot vrymoedigheid om met God te praat in ons gebede. Ons moet darem ook onthou dat ons in ons gebede geen onbegrensde vryheid het nie. Ons kan nie maar alles wat in ons gedagtes opkom en wat ons graag wil ontvang van God afbid nie. Ons moet in ons gebede 'n bepaalde grens in ag neem. Hierdie grens is die wil van God. Die Here baken in sy wysheid en liefde ons gebede af met sy heilige wil. Ons moet daardie wil leer ken. Paulus skrywe in Efesiërs 5:17 (NAV): “Probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen”. Ons leer God se wil in die eerste plek ken uit sy Woord. Daar vind ons God se beloftes. Dit gee ons vrymoedigheid om te vra of die Here wil gee wat Hy beloop het. In die tweede plek is daar die Heilige Gees wat God se wil volkome ken. Calvyn skryf: “God se gees is ons tot 'n Voorganger en Leidsman gegee. Hy bedwing ons geneënhede, sodat ons in ons gebede nie buite die grens wat God afgebaken het, loop nie”. Die Heilige Gees wil ons stamelende gebede ondersteun en hulle ombuig sodat dit gebede sal wees volgens God se wil (Rom 8:26, 27 OAV). Wanneer ons gebedslewe deur God se Woord begrens en deur God se Gees ondersteun word, sal ons God met vrymoedigheid kan nader en sy troosvolle gemeenskap heerlik ervaar. Hy is 'n God wat hoor en verhoor.

*Sing: Psalm 143:1*

*Prof L Floor (Emeritus)*